

Die geldgeskiedenis van die Vrystaat, 1854-1902, met spesiale verwysing na die numismatiese versameling van die Nasionale Museum in Bloemfontein

Sudré Havenga
Nasionale Museum & Navorsingsgenoot
Universiteit van die Vrystaat
sudre@nasmus.co.za

André Wessels
Universiteit van die Vrystaat
wesselsa@ufs.ac.za

Abstract

The money history of the Free State, 1854-1902, with special reference to the numismatic collection of the National Museum in Bloemfontein

This article deals with the money history of the republic of the Orange Free State (1854-1902), and uses specific examples from the numismatic collection of the National Museum, Bloemfontein. The Free State never had its own coinage. With the exception of Free State “good fors”, which were used to combat a shortage in coins, the republic had to make use of British and Transvaal coins. The idea of an own coinage was, however, raised on more than one occasion. A German firm by the name of Otto, Nolte & Co. submitted to the Free State government a quote and even went so far as to send six pattern coins to the government for approval. However these coins were never approved and therefore never coined. Some pattern pieces can still be found today, for example a one penny pattern coin from 1888 in the numismatic collection of the National Museum, Bloemfontein. These pattern pieces are unique and sought after by collectors. In 1865 the government of the Orange Free State issued the republic’s first inconvertible paper money to the value of £30 000. These government notes, of which the first issue was printed on blue paper, were known as “blue backs”. The State President, JH Brand, was supposed to sign all of the 30 000 notes that were issued but in the end only signed 6 700. This article clearly shows how important a role museums play in preserving a country’s history, and at the same time the article emphasises the kaleidoscopic nature of Cultural History.

Keywords: Money history; Boer republic of the Orange Free State; National Museum, Bloemfontein; Numismatic collection; Paper money; Coins; Tokens; “Good Fors”.

Inleiding

Aangesien dit in die mens se natuur is om goed bymekaar te maak, is die versamel van munte en verwante items waarskynlik so oud soos munte self. In

alle waarskynlikheid het die Grieke reeds hiermee begin. Daar word oor die algemeen aanvaar dat die veertiende-eeuse Italiaanse digter Patrach een van die eerste muntversamelaars was. Teen die sestiende eeu het hierdie “stokperdjie” egter sy kinderskoene ontgroeï en tot ’n wetenskap ontwikkel. In hierdie stadium was numismatiek slegs die studie van Griekse en Romeinse munte of medaljes.¹

Numismatiek² is egter veel meer as bloot die versameling, klassifisering en beskrywing van munte en verwante items.³ Moderne numismatiek sluit nie alleen munte en medaljes in nie, maar wel alle geldelike of finansiële-verwante items soos tjeks en aandeesertifikate. Die Suid-Afrikaanse Numismatiese Vereniging definieer numismatiek dan ook as die studie van die geskiedenis, wetenskap en kuns, en die versameling van munte, medaljes, ordetekens, banknote, tekenmunte en gedenkpenninge.⁴

Hierdie studie fokus op die geldgeskiedenis van die Boererepubliek van die Oranje-Vrystaat (1854-1902), met spesiale verwysing na die numismatiese versameling van die Nasionale Museum in Bloemfontein. Dit verskaf ook ’n kort historiese oorsig van die ontwikkeling van munte en banknote in die algemeen in Suid-Afrika tot en met 1902. Dit sou haas onmoontlik wees om die Suid-Afrikaanse geldgeskiedenis in sy geheel binne die konteks van hierdie artikel aan te spreek en om hierdie rede is die jaar 1902 as afsnypunt gebruik. Na afloop van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) was die hele gebied wat vandag Suid-Afrika is, onder Britse beheer. Dit het noodwendig ’n keerpunt in die geskiedenis van die gebied, maar ook in die geldgeskiedenis van Suid-Afrika, teweeggebring. Laastens word enkele ander numismatiese voorbeelde kortliks bespreek om sodoende die ware omvang van hierdie wetenskap aan te dui. Die ontwikkeling en geskiedenis van banke en die bankbedryf is uiteraard ’n studie op sy eie en maak dus nie deel uit van hierdie artikel nie. Geld en banke is egter in baie opsigte onlosmaaklik verbind en om hierdie rede word daar tog waar nodig kortliks na enkele banke verwys. Aangesien die waardevermindering van geld dit onprakties maak om destydse geldeenhede na die huidige stelsel om te skakel, word alle bedrae in ponde, sjielings en pennies weergegee. (Met die oorskakeling na ’n desimale geldstelsel in 1961 was een pond sterling gelyk aan twee rand.)

1 CC Chamberlain en F Reinfeld, *Coin dictionary and guide* (New York, Bonanza, 1961), p. 6.

2 Die Romeinse woord “numismatic” het sy oorsprong van die Griekse woord “nomisma” wat munt beteken. Anon., “Numismatics” (available at <<http://www.aktiesamlaren-bjb.se/ukweb>>, geraadpleeg 8 Januarie 2002).

3 GB Rawlings, *Ancient [medieval] [modern] coins: and how to know them* (Chicago, AmmonPress, 1961), pp. 2-3.

4 Biblioteek van die Nasionale Museum (Bloemfontein), Lêer ISA.54: Genootskap van die Suid-Afrikaanse Numismatiese Verenigings: Konstitusie, p. 2.

Uitgaande van die standpunt dat 'n studie van die geldgeskiedenis van die Oranje-Vrystaat (1854-1902) lig sal werp op 'n aspek van die Suid-Afrikaanse numismatiek, sal daar dus in hierdie artikel 'n oorsig van die aanskaf en aanwending van geld in die Oranje-Vrystaat (OVS) in die tweede helfte van die negentiende eeu verskaf word. Tegelykertyd sal lig gewerp word op die waarde van die Nasionale Museum in Bloemfontein se numismatiese versameling; en sal deur die prisma van geld, die kaleidoskopiese aard van kultuurgeskiedenis belig word. Die vraag of numismatiese versamelings en/of 'n studie van hierdie aard vir (kultuur)historici van waarde kan wees, moet deurgaans in gedagte gehou word; dus ook die vraag waarom ons munte en banknote versamel en bewaar.

Die ontstaan en ontwikkeling van munte in Suid-Afrika

Van die vroegste tye af het die mens artikels en items wat hy of sy in oorskot gehad het, verruil vir artikels wat benodig is. Ruilhandel is met 'n wye verskeidenheid artikels, onder andere beeste, krale, sout, seep, velle en tabak, gedryf. Hierdie items kan dus as die eerste "geld" bestempel word. Geld word dan ook in die algemeen gedefinieer as enige artikel wat van een persoon na 'n ander oorhandig word as betaling vir 'n kommoditeit of vir 'n diens gelewer.⁵ Eenvoudig gestel was dit vroeër jare enige artikel waaraan 'n groep mense 'n bepaalde waarde gekoppel het.⁶ Sout was vir baie lank so 'n kommoditeit. Selfs Romeinse soldate is met soutkoekies, bekend as *selarium*, vergoed. Vandaar dan ook die Engelse woord "salary" en die Afrikaanse woord "salaris". Betaalmiddele soos beeste, seep en tabak is egter verganklik. 'n Behoefte aan 'n gemeenskaplike rekeneenheid of waardebepaler het ontstaan. 'n Algemeen aanneemlike ruileenheid met 'n standhoudende waarde wat deur almal as betaalmiddel aanvaar sou word vir hulle produkte of dienste gelewer, was dus nodig.⁷

Vir nagenoeg 2 500 jaar was metaal hierdie middel. Metaal was van 'n redelik konstante waarde, moeilik vernietigbaar en kon taamlik maklik opgegaan en geberg word.⁸ Verder het metaal, veral goud en silwer, 'n intrinsieke waarde gehad. Hierdie geld van metaal het aanvanklik verskeie vorme aangeneem soos 'n ring, 'n staaf of gereedskap. Wat egter van belang was, was die gehalte van

5 JN Lawrence, *The foreign paper money story and encyclopedia* (Johannesburg, JN Lawrence, s.a.), p. 13.

6 F Reinfeld, *The story of paper money: Including catalogue of values* (New York, Sterling Pub., 1961), p. 5.

7 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 1987), p. 1.

8 F Reinfeld, *The story of paper money...*, p. 5.

die metaal en dat die gewig korrek was.⁹ Alhoewel daar twyfel bestaan, word die ontwikkeling van die eerste muntstukke aan die Lidiërs van Klein-Asië toegeskryf. Vanaf die sewende eeu het hulle ruwe, ovaal stukke geld uit elektrum ('n alloori van goud en silwer)¹⁰ en silwer geslaan. 'n Munt is 'n stuk metaal, tradisioneel van groot waarde, waarop een of ander outoriteitsmerk aangebring is. Hierdie merk getuig van die waarde, die gewig en die reg van die munt om as betaalmiddel te sirkuleer. Anders as ons geld van vandag, was vroeë munte nie slegs tekenmunte nie, dit wil sê munte wat minder werd is as die intrinsieke waarde wat hulle verteenwoordig. Die waarde is bepaal deur die gewig en die metaal waaruit dit geslaan is, hetsy goud, silwer of koper. Hierdie munte is deur almal aanvaar en het oor die hele wêreld heen gesirkuleer.¹¹

Suid-Afrika se muntgeskiedenis kan hoofsaaklik na die Kaapkolonie teruggevoer word en die ontwikkelinge wat daar plaasgevind het. Met die vestiging van die eerste nedersetting aan die Kaap in 1652, het die hedendaagse gebruik dat elke land oor sy eie muntstukke beskik, nog nie bestaan nie.¹² Weens die afwesigheid van 'n internasionale kredietstelsel het metaalgeld van een land dikwels vrylik in 'n ander land gesirkuleer. Soms is daar 'n plaaslike kontra-stempel¹³ op die munte aangebring. Hiermee saam is tariewe (lyste van die pryse waarteen die bepaalde muntstukke in omloop aanvaar moes word) gepubliseer.¹⁴ Die Spaanse daalder en Hollandse agt-real (dit was die amptelike geld van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie) is sulke voorbeelde en het vrylik in die Kaap gesirkuleer. Die Spaanse daalder was vir nagenoeg twee eeue lank die aanvaarbaarste muntstuk in die wêreld se handelsbedryf weens die feit dat die Spanjaarde 'n beleid van eenvormige standaard en suiwerheid gehandhaaf het.¹⁵ Eersgenoemde, en in besonder die Hollandse agt-real, was tesame met geld wat in daardie stadium in die Nederlande in omloop was, die eerste waarmee die nedersettings aan die Kaap kennis gemaak het.¹⁶ Aangesien daar baie verkeer tussen die Kaap en die Ooste was, het heelwat Oosterse munte ook hulle weg na die Kaap gevind. Hulle sluit in die Javaanse silwer- en goueroepees, die Oos-Indiese mohurs, sterpagodas, Japanse koban

9 M Esterhuysen, *Ons gelderfenis* (Pretoria, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, 1980), p. 3.

10 JT Becklake, *From real to Rand: The story of money, medals and mints in South Africa (s.l., Central News Agency Ltd., s.a.)*, p. 1.

11 JN Lawrence, *The foreign paper money...*, p. 15.

12 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, p. 13.

13 Dit beteken om 'n merk te slaan op 'n bestaande muntstuk ten einde verandering van waarde aan te toon of om aan te toon dat dit wel as wettige betaalmiddel in die betrokke land aanvaar word. EM Shaw, *'n Geskiedenis van betaalmiddels in Suid-Afrika*, 5 (Kaapstad, Suid-Afrikaanse Museum, 1956), p. 28.

14 EM Shaw, *'n Geskiedenis van betaalmiddels...*, p. 3.

15 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, p. 14.

16 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, p. 15.

en bonke, sowel as die sequin of zecchinos van Venesië.¹⁷ In 1681 het die Verenigde Provinsies van die Nederlande munte ter waarde van 3, 2, 1 en 'n ½ gulden laat munt en met verloop van tyd het hierdie muntstukke ook die Kaap de Goede Hoop (destyds nog onder Nederlandse beheer) bereik.¹⁸

Britse geld het ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van geld in Suid-Afrika gespeel en kan teruggevoer word na die eerste (1795) en tweede (1806) besetting van die Kaap. Die eerste pennie wat in die Suid-Afrikaanse konteks van belang was, is die sogenaamde Britse karwielpennie¹⁹ van 1697. Die Britse goewerneur, sir George Yonge, het die invoer van hierdie pennie aan die Kaap op 14 Januarie 1800 gemagtig. Die karwielpennie was bedoel as betaalmiddel vir die Britse soldate. Hierdie eerste karwielpennies het 'n tradisie van Britse sterlinggeld in Suid-Afrika gevestig wat tesame met ponde (£) en sjielings (s) vir nagenoeg 160 jaar sou duur.²⁰ Na afloop van die tweede Britse besetting in 1806, het die waarde van Nederlandse geld geleidelik afgeneem en is met verloop van tyd deur Britse sterlinggeld vervang.²¹ Britse geld was vanaf 1795 tot en met 1923 (toe Suid-Afrika sy eie geld begin vervaardig het) wettige valuta in Suid-Afrika²² en in die tweede helfte van die negentiende eeu selfs ook vrylik in omloop in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR). Ten spyte van die feit dat die ZAR reeds in 1891 die invoer van Britse munte verbied het, is daar eers teen 1895 pogings aangewend om hierdie wet af te dwing. Britse muntgeld het egter in die ZAR bly sirkuleer en teen 1899 was daar in Johannesburg meer Britse silwer as republikeinse silwer in omloop. Na die Britse besetting van Pretoria op 5 Junie 1900 is Britse geld as wettige betaalmiddel verklaar.²³

Muntgeld in die Vrystaat

In die Vrystaat het die Voortrekkers se kontant bestaan uit die Britse geld wat hulle uit die Kaapkolonie saamgebring het. Met Brittanje se besetting van die gebied noord van die Gariep (Oranjerievier) in 1846 is die stelsel gewettig en

17 M Esterhuysen, *Oms gelderfenis...*, p. 8.

18 JT Becklake, *From real to Rand...*, p. 6.

19 Bekend as 'n karwielpennie vanweë hul grootte, sowel as die breë verhewe band waarop die instruksie aangebring is. H van der Walt, "Interessante pennies en tipe pennies oor 2 000 jaar", *Die Genootskap van Suid-Afrikaanse Numismatiese Verenigings*, 2, p. 59.

20 H van der Walt, "Interessante pennies en tipe pennies..." , *Die Genootskap van Suid-Afrikaanse Numismatiese Verenigings*, 2, p. 59.

21 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, p. 51.

22 JT Becklake, *From real to Rand...*, p. 22.

23 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, pp. 93-94.

verder bestendig.²⁴ Met die onafhanklikheidswording van die Oranje-Vrystaat (OVS) in 1854 is die Britse monetêre stelsel behou, maar bitter min geld was in omloop en handel was hoofsaaklik tot ruilhandel beperk.²⁵

Die republiek Oranje-Vrystaat (1854–1902) het nooit oor sy eie muntsisteem beskik nie. Met die uitsondering van OVS goedvoors wat as kleingeld moes diens doen, was die Vrystaat op Britse en later ZAR munte aangewese om in hul kleingeldbehoefte te voorsien.²⁶ Alhoewel die OVS regering nooit 'n besluit in dié verband geneem het nie, is die idee vir 'n eie muntstelsel tog per geleentheid ter tafel gelê. Reeds in 1866 is hierdie voorstel vir die eerste keer gemaak, maar die Vrystaatse regering het egter verkies om nog regeringsnote uit te gee. In 1870 sowel as in 1877 is hierdie saak weer onder die Volksraad se aandag gebring. Daar is egter gevoel dat die OVS nog nie gereed was vir sy eie muntstelsel nie.²⁷ Hierdie besluit kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat Britse geld sedert 1846 as wettige betaalmiddel in die OVS aanvaar is. Verder het die OVS met die Kaapkolonie handel gedryf waar sterling die enigste erkende betaalmiddel was. So het die Duitse stempelmakersfirma, Otto, Nolte & Kie van Berlyn, selfs nog in 1887 kwotasies aan die Vrystaat voorgelê vir 'n voorgestelde munt reeks. Hierdie reeks sou bestaan het uit 'n silwer kroon, ½ kroon, ⅓ kroon, ¼ kroon of sikspens, 'n koperpennie, ½- en ¼-pennie. Nadat 'n aanvanklike brief aan die president van die Vrystaat (JH Brand) onbeantwoord gebly het, het Otto, Nolte & Kie voortgegaan en ses patroonmunte aan die OVS gestuur. Daar is egter nooit enige van hierdie munte gemunt nie en slegs enkele patroonmunte het behoue gebly. Vandag is slegs voorbeelde van die kroon en die pennie bekend.²⁸ Aangesien die reeks nooit gemunt is nie, is die enkele monstermunte wat nog bestaan vanselfsprekend gesogte en waardevolle numismatiese items. In die numismatiese versameling van die Nasionale Museum is daar 'n voorbeeld van so 'n patroonmunt.

Hierdie brons munt is 30 mm in omtrek en 1,5 mm dik. Op die voorsy verskyn die Vrystaatse wapen met drie pos horings. Links hiervan is 'n palm tak en regs 'n

24 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, p. 56.

25 EM Shaw, 'n *Geskiedenis van betaalmiddels...*, p. 19.

26 H van der Walt, "Interessante pennies en tipe pennies...", *Die Genootskap van Suid-Afrikaanse Numismatiese Verenigings*, 2, p. 60.

27 EHD Arndt, *Banking and currency development in South Africa* (Johannesburg, Juta & Co, 1928), p. 128-130. Kyk ook *Notulen der verrigtingen van den Hoogedelen Volksraad, gedurende zijne jaarlijksche zitting, te Bloemfontein beginnende met 5 Februarij, 1866* (Bloemfontein, Thomas White, 1866), p. 136; *Notulen der verrigtingen van den Hoogedelen Volksraad van den Oranjevrijstaat, in zijne gewone jaarlijksche zitting van den 7 den Mei 1877* (Bloemfontein, White, Barlow, en Co., 1877), pp. 152-153.

28 H van der Walt, "Interessante pennies en tipe pennies...", *Die Genootskap van Suid-Afrikaanse Numismatiese Verenigings*, 2, p. 60.

eike tak wat saamgebind is met 'n lint waarop “GEDULD EN MOED” staan. Die datum “1888” verskyn daaronder. Op die keersy verskyn in die middel “1 PENNY”, omring links met 'n eike tak en regs met 'n lourier tak hieronder.

Figuur 1: Vrystaatse patroonmunt van 1888, deur Otto, Nolte & Kie van Berlyn



Bron: Nasionale Museumversameling, I 3086.

'n Ander vraagstuk waaroor die Vrystaatse Volksraad moes beslis, was die wettiging van Transvaalse munte in die OVS. In die suidelike dele van die OVS is daar met die Britse Kaapkolonie handel gedryf. In die Kaapkolonie is Vrystaatse papiergeld nie as wettige betaalmiddel aanvaar nie aangesien sterling die enigste betaalmiddel aan die Kaap was. In die noorde is daar grotendeels met die ZAR handel gedryf en dus was Krugergeld gevolglik vrylik in sirkulasie. Daarbenewens het die Nasionale Bank van die OVS kommissie ontvang op die Krugermunte wat in omloop gehou is. Die Vrystaatse regering het 'n aandeel in die Nasionale Bank gehad en het dus in hierdie kommissie gedeel. Dit het sake vir die Volksraad gekompliseer aangesien die wettiging van Krugergeld in die Vrystaat die einde van dié kommissie sou beteken. Met Brittanje se anneksasie van die Vrystaat op 24 Mei 1900 tydens die Anglo-Boereoorlog, het die Vrystaatse Republiek dus nie oor sy eie muntstelsel beskik nie en is Britse silwer, tesame met Krugergeld, as wettige betaalmiddels in die Oranjerivierkolonie (1900-1910) aanvaar.²⁹

Die ontstaan en ontwikkeling van papiergeld in Suid-Afrika

Met die uitbreiding en die ontwikkeling van die handels- en vervaardigingsbedryf het daar 'n behoefte aan 'n nuwe soort betaalmiddel ontstaan. Papiergeld was maklik hanteerbaar en meer geskik, veral vir die beklinking van groot transaksies.

²⁹ M Esterhuysen, *Ons gelderfenis...*, p. 26. Na afloop van die Britse anneksasie van die OVS, het die Britte die gebied tot die Orange River Colony herdoop.

Aangesien die ontwikkeling van sowel papier as die drukkuns aan die Chinese te danke is, is dit 'n logiese afleiding dat papiergeld sy ontstaan in China gehad het. Bewyse hiervoor word gevind in die Venesiese ontdekkingsreisiger Marco Polo se vertellinge in verband met sy besoek aan China in die dertiende eeu.³⁰ Die oudste papiergeld dateer uit 650-655 n.C. en die oudste banknoot in 'n versamelaar se besit is die skaars Ming Dinastie-noot van 1368 n.C.³¹

Elke banknoot beskik oor 'n unieke reeksnommer wat dit dus outomaties van alle ander banknote onderskei. Dit is nie die geval met munte nie. Net soos met munte kan papiergeld wel 'n aanduiding wees van 'n land se geskiedenis. Sekere historiese gebeure word deur middel van militêre note, okkupasie- en nooduitgifte, oorlogsgevangene- en konsentrasiekamp-uitgifte, ensovoorts nagespoor. Ander note se historiese waarde is nog tasbaarder aangesien hulle fisies die handtekening van 'n historiese leier of figuur bevat.³²

Dit het egter baie lank geduur voordat papiergeld die vertroue van die publiek kon wen. Een aspek van papiergeld wat dwarsdeur die geskiedenis dieselfde gebly het, is dat die sigwaarde van 'n noot slegs aanvaar sal word indien 'n stabiele, betroubare regering aan die stuur van sake is. Verder vereis die uitreiking van papiergeld dat dit deur 'n betroubare reserwe gerugsteun sal word.³³

Die Kaapkolonie het in die laaste kwart van die agtiende eeu met papiergeld kennis gemaak en daarna was dit deel van die geldgeskiedenis van die Kaap, die ZAR en die OVS.³⁴ In 1782 was die Nederlandse goewerneur, Joachim van Plettenberg, verplig om vir die eerste keer in die geskiedenis van die Kaap en Suid-Afrika papiergeld uit te reik. Hierdie verskyning van papiergeld kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die vyandigheid wat daar tussen Nederland en Engeland geheers het. Van Plettenberg was onsuksesvol in sy pogings om genoegsame muntvoorraad van die Nederlande te bekom en moes noodgedwonge papiergeld uitreik. Die note is van 'n regeringstempel voorsien wat die waarde sowel as die magtigingsdatum van elke uitgawe moes bevestig.³⁵ Hierdie note was almal handgeskrewe aangesien die Kaap in daardie stadium nog nie oor 'n drukpers beskik het nie.³⁶

30 F Reinfeld, *The story of paper money...*, p. 8.

31 JN Lawrence, *The foreign paper money...*, p. 19.

32 JN Lawrence, *The foreign paper money...*, p. 15.

33 F Reinfeld, *The story of paper money...*, pp. 5-8.

34 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, p. 8.

35 W Bergman, "A history of the regular banknote issue of South Africa", *Die Suid-Afrikaanse Muntkundige Tydskrif*, 5, Oktober 1969, p. 1.

36 RF Kennedy, *Old South African bank notes and documents: A description of the collection of the Institute of Bankers in South Africa* (Brochure, Kaapstad, 1956), p. 2.

Tydens die Bataafse bewind (1803-1806) het kommissaris JAU de Mist in 1803 bepaal dat dit onmoontlik was om vas te stel hoeveel banknote daar in die Kaap in omloop was. Hy het voorgestel dat alle bestaande papiergeld onttrek en in die openbaar verbrand moes word. Tydens die tweede Britse besetting (vanaf 1806) het die Britte aanvanklik die bestaande geld wat in die Kaap in omloop was, behou. In 1808 het die Britte egter besluit om 'n nuwe banknoot bekend te stel. Die note is op kaartjies gedruk wat vanaf Brittanje ingevoer is. Alle denominasies vanaf een riksdalder en hoër is met die beeld van Britannia gestempel. Dit het baie ooreengestem met die Bank of England se note. Daar word beweer dat weens die algemene agteruitgang van hierdie note hulle gemiddeld vyf maal in 'n jaar herdruk moes word.³⁷

Agt riksdalder het teen 1825 feitlik dieselfde koopkrag as een Engelse goue pond gehad, terwyl dit in werklikheid nie meer as sewe skellings en agt pennies werd was nie. Dit was vir die Kaapse koloniale owerheid duidelik dat die geldstelsel van die Kaap slegs verbeter sou kon word indien hul van die papiergeld ontslae kon raak. Op 6 Junie 1825 het die goewerneur en Raad deur middel van 'n spesiale ordinansie Britse silwergeld as die wettige betaalmiddel aan die Kaap verklaar.³⁸

Anders as in die Kaapkolonie en in die Boererepublieke is daar geen regeringsnote in die Britse kolonie Natal uitgegee nie. Van die begin af is Britse munte as wettige betaalmiddel hier aanvaar. Natal het in hierdie stadium die Kaapse voorbeeld gevolg in dié sin dat privaat-beheerde banke en firmas banknote uitgegee het.³⁹ In Transvaal is die eerste banknote in 1865 uitgereik. Die ZAR het teen 1868 vyf banknoot-uitgawes in 'n kwessie van vyf jaar gehad. Die eerste vier uitgawes is plaaslik gedruk, terwyl die vyfde uitgawe in Londen gedruk is.⁴⁰

Papiergeld in die Vrystaat

Namate die jong republiek in die OVS sy voete gevind en geleidelik ekonomiese groei en ontwikkeling getoon het, was daar algaande 'n behoefte onder die inwoners vir bankdienste en beleggingsgeleenthede. Teen 1852 het die Natal Fire Assurance & Trust Company van Pietermaritzburg reeds

37 RF Kennedy, *Old South African bank notes...*, pp. 2-3.

38 M Esterhuysen, *Ons gelderfenis...*, p. 69.

39 RF Kennedy, *Old South African bank notes...*, p. 9.

40 M Esterhuysen, "Klinkende harde munt was skaars", *Lantern*, Desember 1969, pp. 41-42.

bankdienste in Bloemfontein aangebied. Na 1860 is hulle gevolg deur die Commercial Bank of Port Elizabeth sowel as die Colesberg Bank. In 1862 het die Bloemfontein Bank sy deure oopgemaak, gevolg deur die Fauresmith Bank en die Standard Bank of British South Africa Ltd, en in 1863 het die Standard Bank die Fauresmith Bank oorgeneem.⁴¹

Teen 1865 was geld baie skaars in Bloemfontein. Daarbenewens het die banke weens 'n sameloop van omstandighede ongewild geraak onder die publiek en is daar gesê dat hul net tot elke prys geld wou maak. Die publiek het gevolglik begin aandring op 'n regeringsbank met papiergeld, en met staatsgrond as sekuriteit. Die Standard Bank, wat in 1865 verliese in die Kaap gely het, het die skroef begin aandraai om uitstaande skuld in te vorder. Dié bank het onder andere geweier om bewyse te verdiskonteer en het ook 14% rente op hernuwings begin vra. Dit het aanleiding gegee tot 'n vlag bankrotskappe wat die inwoners van die Vrystaat verder gegrief het. Teen Maart 1865 het die Volksraad besluit om geen "uitlandse banke" sonder die nodige toestemming in die republiek toe te laat nie en in April 1866 het die Standard Bank gevolglik sy deure in die Vrystaat gesluit.⁴²

In 1865 is die eerste Vrystaatse regeringsnote, ter waarde van £30 000, in opdrag van die Vrystaatse regering deur die Bloemfontein Bank uitgegee. Dit was die heel eerste onwisselbare papiergeld, genoem "blue backs" vanweë die feit dat dit op blou papier gedruk is, wat in die Vrystaat in omloop gekom het.⁴³ Op die "blue backs" vind 'n mens geen drukkersfirma se naam nie wat kan beteken dat die noot heel waarskynlik plaaslik deur die regering self laat druk is.⁴⁴

Die Vrystaatse staatspresident, JH Brand, was veronderstel om al die note, 30 000 in totaal, persoonlik te onderteken. Hy het egter, nadat hy slegs 6 700 note geteken het, versoek om van die taak onthef te word. Pres. Brand het aanbeveel dat 'n beter gehalte papier van Engeland verkry moes word en dat die waardes van 5-, 10- en 20-pond ook uitgereik moes word. Aanvanklik sou slegs £1-note uitgereik word.⁴⁵ Hierdie 1865-uitgifte sou vir 'n vasgestelde tydperk van tien jaar in sirkulasie wees. Hierna moes die note gekanselleer word en teen £6 000 per jaar teruggetrek en vernietig word. Alhoewel daar

41 AN Pelzer, "Die ingebruikstelling van papiergeld in die Suid-Afrikaanse Republiek", *Historia*, 11(1), Maart 1966, pp. 4-6.

42 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, p. 56-57.


43 M Esterhuysen, *Ons gelderfenis...*, p. 88.

44 AC Hoffman, "Seldsame papiernote, goedgevare en bewysstukke van die Oranje-Vrystaat in die versameling van die Nasionale Museum", *Navorsing van die Nasionale Museum*, 1(1), Februarie 1952, p. 1.

45 M Esterhuysen, *Ons gelderfenis...*, p. 88.

op 6 Maart 1879 in 'n amptelike verslag verklaar is dat al hierdie note reeds vernietig is, was daar tot laat in die 1980's 'n voorbeeld van 'n £1-"blue back" in die Nasionale Museumversameling.⁴⁶ Hierdie noot het ongelukkig verlore geraak en laat 'n groot leemte, nie net in die Nasionale Museumversameling nie, maar ook in die papier-geldgeskiedenis van die Vrystaat en Suid-Afrika. Dit was heel waarskynlik die enigste oorblywende Vrystaatse "blue back" in die land. Die enigste visuele rekord wat vandag nog van dié noot bestaan, is 'n afbeelding in die publikasie van AC Hoffman. Die oorspronklike noot was blou met die volgende inskripsie daarop gedruk: Volgens Besluit van den Hoog-Ed. Volksraad van 10 Maart, 1865, waarbij dit Gouvernements papier tot een bedrag van Dertig Duizend Pond Sterling wordt uitgegeven onder verband van alle onroerende Gouvernements eigen dommen heeft hetzche eene gedwonge koers voor tien jaar van af 15 April, 1865, en zal na verloop van dien tijd jaarlijks tot een bedrag van Zes Duizend vernietigd worden." Die noot is onderteken deur die staatspresident, JH Brand, die ouditeur-generaal, J Heyermans, en die tesourier-generaal, JC Nielen Marais.

Figuur 2: OVS £1-"blue back", Bloemfontein 1865



Bron: AC Hoffman, "Seldsame papiernote, goedvoren en bewysstukke van die Oranje-Vrystaat in die versameling van die Nasionale Museum", *Navorsing van die Nasionale Museum*, 1(1), p. 2.

Die drie Vrystaat-Basoetoe-oorloë in die jare 1858 tot 1868 het die Vrystaatse republiek in die moeilikheid gedompel. Die grensdistrikte het groot skade gely en die burgers was nie in staat om hulle belasting te betaal nie. Die staat is met 'n leë skatkis gekonfronteer. Moontlike oplossings wat oorweeg is, was onder andere 'n Europese lening of die uitgee van verdere regeringsnote. 'n Tydelike oplossing is gevind met 'n £30 000 lening wat die Bloemfontein Bank aan

⁴⁶ *South African paper money, 1782-1921* (Katalogus, Johannesburg, 1953), p. 47.

die regering toegestaan het. Op 11 Junie 1866 het die Volksraad die president gemagtig om verdere regeringsnote ter waarde van £100 000 in denominasies van tot en met £20 uit te gee. Staatsgrond het as sekuriteit gedien en die note sou vir 'n gedwonge tydperk van vyf jaar in omloop wees.⁴⁷ Na afloop van die vyf jaar sou die note teen 'n koers van £10 000 per jaar vernietig word.⁴⁸

Met die uitreiking van die eerste reeks note is alle regerings- en staatseiendom onder verband geplaas, maar met die 1866-series is slegs Witsieshoek en die verowerde grondgebied in die Oos-Vrystaat as sekuriteit aangebied. Die note is deur William Brown & Co. van Londen gedruk. Volgens amptelike rekords behoort hierdie note almal vernietig te wees. Daar was volgens die aanwinsregister van die Nasionale Museum in Bloemfontein eens wel 'n voorbeeld van dié tipe noot in die Museumversameling, maar dit kon nie nou weer opgespoor word nie.⁴⁹ Daar is wel nog 'n voorbeeld van dié tipe noot in die versameling van die Ditsong: Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria.⁵⁰ Nog voordat die tweede uitgifte uitgereik is, het die waarde van die OVS-regeringsnote tot 15s. geval. Met die verdere toename in nooduitgifte het dit verder tot 11s. geval en in Natal kon 'n mens slegs 10s. vir 'n Vrystaatse £1-noot bekom.⁵¹

Weens die gebrek aan vertroue in die regering en sy kredietwaardigheid was hierdie depresiasie onafwendbaar. Nog voor die uitreiking van hierdie note het een staatsdepartement selfs geweier om 'n tjek van 'n ander staatsdepartement te aanvaar aangesien daar geen fondse in die bank was om die tjek te dek nie. Verder is daar steeds aan die publiek tjeks uitgereik wat weens 'n tekort aan fondse nie deur die bank uitbetaal kon word nie. Dit is dus geen verrassing nie, veral in die lig van die onvermoë van die regering om die republiek se geldsake te bestuur, dat hierdie papiergeld glad nie gewild was onder die publiek nie.⁵² Hierdie negatiewe gesindheid teenoor die papiergeld kan dan ook duidelik bespeur word in die Anti-Blue Back Association wat in Desember 1867 in Bloemfontein tot stand gekom het. Hulle het onder andere onderneem om alles moontlik te doen om die uitgee van enige verdere note deur die regering teen te staan.⁵³

47 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, pp. 57-58.

48 Anon., *South African paper money...*, p. 48.

49 Na afloop van 'n hernieude soektog in die Nasionale Museum, Bloemfontein se versameling, kon steeds geen spoor van die genoemde geldnoot gevind word nie.

50 M Esterhuysen, *Ons gelderfenis...*, p. 88.

51 Anon., *South African paper money...*, p. 49.

52 EHD Arndt, *Banking and currency development...*, p. 82.

53 WW Collins, *Free Statia or reminiscences of a lifetime in the Orange Free State, South Africa, from 1852 to end of 1875: 23 years* (Bloemfontein, The Friend Printing and Publishing Company, 1907), p. 248.

Die inskripsie op 'n voorbeeld van 'n OVS-regeringsnoot in die Nasionale Museum se versameling lees as volg: “Volgens Besluit van den Hoog-Ed. Volksraad van 11 Juny, 1866, waarbij dit Gouvernements papier tot een bedrag van alle onroerende Gouvernements eigendommen in Witzieshoek en in het veroverde grondgebied en onder eerste verband van vaste eigendommen heeft hetzelfde eene gedwongene koers van Vyf jaar van af 11 Juny, 1866, en zal na verloop van dien tijd jaarliks tot een bedrag van Tien Duizend Pond Sterlg. vernietigd worden. Bloemfontein 25 July 1868.” Die noot is onderteken deur die staatspresident, JH Brand, die ouditeur-generaal, H Sybouts, en C de Jongh Bloem, die tesourier-generaal.

Figuur 3: Vrystaatse £1-regeringsnoot, Mei 1868



Bron: Nasionale Museumversameling, I 2614.

Hierdie waardelose papiergeld het die Vrystaatse ekonomie gekniehalter en handel is swaar getref. Goedere wat £1 werd was, het vir slegs 15s. verhandel en daarby is die meeste handel op 'n kredietstelsel gevoer. Verder kon die boere dit ook nie begryp dat hulle in die Vrystaat meer vir 'n produk as in die Kaapkolonie moes betaal nie. Aangesien die “blue back” nie in die Kaapkolonie as wettige betaalmiddel aanvaar is nie en die Vrystaatse handelaars van die Kaapkolonie afhanklik was vir goedere soos suiker, meel, koffie en klerasie, het hulle daarvoor met goud of munte betaal. Die uiteinde was dat die Vrystaat verplig was om sy produkte soos wol, velle, ensovoorts vir ander produkte te verhandel, eerder as om dit vir geld te verkoop. Hierdie omstandighede het op sy beurt ruilhandel bevorder.⁵⁴

Ten spyte van die ekonomiese druk, het die Vrystaatse regering daarin geslaag om versoeke vir die uitgee van enige verdere regeringsnote teen te staan. Dié verstandige besluit, tesame met die ontdekking van diamante, het die finansiële posisie van die republiek aansienlik verbeter. Die resultaat was dat die waarde

⁵⁴ EHD Arndt, *Banking and currency development...*, pp. 77-78.

van regeringsnote teen 1871 tot 19s. 6d. gestyg het en teen 1872 was hulle waarde gelyk aan hul sigwaarde.⁵⁵ Dit is dan ook in hierdie tyd dat *The Friend* verklaar het: “the blue backs are now literally as good as gold”.⁵⁶

Die Vrystaatse regering was vasbeslote om by die resoluëie van die Volksraad rakende die vernietiging van regeringsnote te hou. Die konsensieuse wyse waarop hulle hierdie besluit uitgevoer het, is duidelik sigbaar: Teen September 1880 was daar slegs £4 178 van die £130 000 regeringsnote nog in sirkulasie en in 1882 volg ’n amptelike publikasie in die Goewermentskoerant dat alle note met uitsondering van £914 vernietig is. Teen 1883 is alle note met uitsondering van £874 van die totale £130 000 vernietig.⁵⁷

In 1883 het die regering verklaar dat alle regeringsnote teen 31 Desember 1883 ingehandig moes word, aangesien die regering na hierdie datum nie meer hierdie note as wettige betaalmiddel sou aanvaar nie.⁵⁸ Wat egter betekenisvol is, is dat alle uitgifte van die £30 000- en die £56 720-uitreikings volgens amptelike verslae vernietig is, terwyl die note wat nog uitstaande was, deel uitgemaak het van die £43 280-uitreiking. In die Nasionale Museum se versameling is daar egter geen voorbeelde van die laaste bedrag nie, terwyl daar wel enkele voorbeelde bestaan van die ander twee uitreikings wat na alle waarskynlikheid almal vernietig moes gewees het.⁵⁹ Dit maak hierdie banknote baie besonders en gesogte versameliteme. Teen die einde van 1883 het die Vrystaatse regering daarin geslaag om homself van die “pest of paper money”, soos dit per geleentheid genoem is, te bevry.⁶⁰ Daar was egter steeds papiergeld in omloop in die Vrystaat. Die Fauresmith Bank (1873) en die Nasionale Bank (1877) het hulle eie papiergeld uitgereik. Laasgenoemde het tot en met die Britse besetting van Bloemfontein op 13 Maart 1900 nog banknote uitgereik. Hierdie bank se naam is in 1902 na die Nasionale Bank van die Oranjerivierkolonie verander. Ander banke, waaronder die African Banking Corporation, die Nasionale Bank van Suid-Afrika Beperk en die Nederlandse Bank wat in 1900 takke in die Vrystaat geopen het, het hulle eie banknote uitgereik.⁶¹

55 Anon., *South African paper money...*, p. 49.

56 EHD Arndt, *Banking and currency development...*, p. 86.

57 EHD Arndt, *Banking and currency development...*, pp. 87-88.

58 Anon., *South African paper money...*, p. 49.

59 Alhoewel hierdie note in die aanwinstregister gelys word, kon almal egter ongelukkig nie opgespoor word nie.

60 EHD Arndt, *Banking and currency development...*, p. 88.

61 W Bergman, “A history of...”, *Die Suid-Afrikaanse Muntkundige Tydskrif*, 5, Oktober 1969, pp. 7-8.

Ander numismatiese voorbeelde

Alhoewel numismatiek tradisioneel die studie of wetenskap van munte is, is hierdie begrip mettertyd aangepas om medaljes, papiergeld en tekenmunte in te sluit. Vandag word alle items wat verband hou met finansiële bates, hetsy hedendaagse bates of bates uit die verlede, onder hierdie benaming geklassifiseer. Dit sluit enige item in wat as geld moes/moet funksioneer sowel as aandeesertifikate, tjeks en notas van finansiële verpligtinge.⁶²

In die Nasionale Museumversameling is daar dan ook 'n wye verskeidenheid items bo en behalwe munte en papiergeld wat deel uitmaak van die numismatiese versameling. Dit sluit tekenmunte, goedvoors, militêre uitgifte, posnote/wissels, medaljes en tjeks in. Vir die doel van hierdie artikel is dit nie nodig om in diepte na bogenoemde items te kyk nie, maar sal gepoog word om deur middel van 'n beskrywing of definisie tussen die genoemde items te onderskei. Indien daar wel voorbeelde in die versameling bestaan wat met die Vrystaat se geldgeskiedenis verband hou, sal daar in meer besonderhede hierna verwys word.

Tekengeld of goedvoors

Soos reeds vermeld, was munte van lae sigwaarde, oftewel kleingeld, deurgaans baie skaars in die vroeë jare van die Suid-Afrikaanse geldgeskiedenis. Hierdie gebrek aan spesie het feitlik die Vrystaatse handel tot stilstand gebring. Dit was egter nie 'n unieke probleem beperk tot die Vrystaat en Suid-Afrika nie. Lande soos Brittanje, Frankryk, Spanje en Nederland se handelondernemings in hulle onderskeie kolonies het in die negentiende eeu dieselfde probleme ondervind.⁶³

Een van die maatreëls wat aangeneem is om die tekort aan kleingeld die hoof te bied, was die uitreiking van tekengeld en goedvore/goedvoors. In teenstelling met 'n muntstuk wat regeringsgesag het, kan tekengeld en goedvoors gedefinieer word as betaalgeld of papiernote wat deur privaat instansies of individue soos slagters, winkels, hotelle en banke uitgereik word. Dié "geld" word uitgereik om in 'n bepaalde plaaslike monetêre behoefte te voorsien. Hierdie tekenmunt of goedvoor dien as 'n belofte of waarborg wat óf ingeruil kan word vir goedere tot die waarde wat dit verteenwoordig óf vir ooreenstemmende munt van die omgewing. In verdere teenstelling met

62 Anon., "Numismatics" (available at <<http://www.aktiesamlaren-bjb.se.ukweb>>, geraadpleeg 8 Januarie 2002).

63 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, p. 58.

amptelike regeringsmunte, sirkuleer hierdie produktegeld selde buite die grense van 'n sekere streek of omgewing.⁶⁴

Aangesien die Vrystaat nie oor 'n eie muntstelsel beskik het nie en die kleinste denominasie papiergeld beskikbaar dié van 'n £1-noot was, het goedvoors en tekenmunte 'n baie belangrike rol in die geldgeskiedenis van die Vrystaat gespeel. Goedvoors was òf handgeskrewe òf is gedruk op stukkie karton en onderteken deur die uitreiker. Soms is die firma van uitreiking se naam ook op die kaartjie aangebring.⁶⁵ Die Nasionale Museum beskik oor etlike eksemplare van goedvoors wat deur privaat firmas uitgereik is. Selfs die banke was genoodsaak om by hierdie praktyk in te skakel. In die versameling is voorbeelde wat deur die Bloemfontein Bank (1869-1874) en die Fauresmith Bank (1875) uitgereik is.

Figuur 4: Enkele Vrystaatse goedvoors



Bron: Nasionale Museumversameling, I 55, I 84, I 90 en I 105.

⁶⁴ JT Becklake, *From real to Rand...*, p. 17.

⁶⁵ EHD Arndt, *Banking and currency development...*, p. 79.

In die Nasionale Museum se versameling is ook 'n aantal unieke Vrystaatse metaal tekenmunte. Hierdie tekenmunte is deur die Bloemfonteinse firma Daniel & Hyman uitgegee in 'n tyd toe Bloemfonteinse en Vrystaatse kleingeld uit karton- en papier goedvoors bestaan het. Hierdie goedvoors het egter baie vinnig verweer, vuil, en onleesbaar geraak. Metaal-“goedvoors” was dus 'n praktiese oplossing vir hierdie probleem. Ongelukkig het dié munte nie die publiek se vertroue ingeboesem nie. Daar is onder meer gevoel dat daar makliker vervalsings van gemaak kon word weens die feit dat die uitreiker se handtekening op hierdie metaalmunte ontbreek het.⁶⁶

Die tekenmunte is van 'n saamgestelde metaal, waarskynlik van bronsnikkel gemaak, en is in denominasies van 6d., 1s., 2s. en 2s. 6d. uitgegee. Om een of ander rede bestaan daar heelwat voorbeelde van die 2s.-stuk. Die ander drie denominasies is egter baie skaars en min volledige stelle bestaan.⁶⁷ Die Nasionale Museum beskik oor van hierdie tekenmunte (met die 6d, 2s. en 2s. 6d.).

Figuur 5: Daniel & Hyman-tekenmunt, Bloemfontein, 1867



Bron: Nasionale Museumversameling I 2478.

Oorlogsgeld en medaljes

In oorlogstyd ontstaan daar dikwels 'n tekort aan amptelike regeringsgeld. Nieteenstaande hierdie feit moet soldate se soldy betaal word en moet

⁶⁶ EHD Arndt, *Banking and currency development...*, p. 80.

⁶⁷ GP Theron, *Tokens of Southern Africa and their history* (Johannesburg, Privaat gepubliseer, 1978), p. 100.

oorlogsvoorraad steeds aangekoop word. Om hierdie rede word daar dikwels spesiale nooduitgifte in tye van konflik uitgereik.⁶⁸ In Suid-Afrika was dit veral tydens die Anglo-Boereoorlog die geval en was die ZAR sowel as die Britse magte genoodsaak om spesiale “oorlogsgeld” uit te gee. Voorbeelde hiervan sluit in die Mafeking-belegnote, Rhodesiese seëlgeld, ZAR-veldponde en ZAR-regeringsnote.⁶⁹

Medaljes lyk op die oog af baie soos munte, maar is uiteraard nooit as betaalmiddel bedoel nie. Medaljes word immers geslaan om ’n spesiale gebeurtenis, persoon, leier of instansie te gedenk of te beloon. Daar word egter ’n onderskeid getref tussen byvoorbeeld oorlogsmedaljes (medaljes wat aan soldate uitgereik word vir een of ander heldedaad) en gedenkpenninge.⁷⁰ Penninggeskiedenis reflekteer in ’n mate ’n land en sy inwoners se temperament, veral in tye van oorlog of gebeure van nasionale belang.⁷¹

Posnote

Dit was reeds van vroeg af belangrik om geld veilig van een plek na ’n ander te kon versend. In die Kaapkolonie is poswissels in 1846 in gebruik geneem, in die OVS in 1883 en in die Transvaal in 1887. Alhoewel die reg om geld in die vorm van poswissels te stuur reeds in 1868 in Natal geproklameer is, is dit daar egter eers in 1882 in werking gestel.⁷² In stede daarvan dat die bedrag self per pos gestuur is, is ’n posnoot of order ter waarde van ’n spesifieke bedrag uitgereik. Hierdie noot kon weer by ’n poskantoor ingeruil word vir die bedrag wat dit verteenwoordig het. Die posnote in die Nasionale Museum se versameling is almal eenders, behalwe dat dit note van verskillende waardes is. Verder verskil die kleur van die ink waarin hul gedruk is na gelang van die waarde van elke noot. So is die 1s.6d.-noot in pienk gedruk, terwyl die 10s.-noot in pers ink gedruk is. Die posnote wat amptelik uitgereik is, dateer uit 1898 en 1899.⁷³

Gedurende die Anglo-Boereoorlog is poswissels ongeteken of geteken as noodgeld in die Vrystaat gebruik.⁷⁴ Die inskripsie op hierdie note lees as volg:

68 CC Chamberlain en F Reinfeld, *Coin dictionary...*, p. 219.

69 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, pp. 85-92.

70 CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, p. 152.

71 JT Becklake, *From Real to rand...*, p. 60.

72 M Esterhuysen, *Ons gelderfenis...*, p. 175.

73 AC Hoffman, “Seldsame papiernote...”, *Navorsinge van die Nasionale Museum*, 1(1), Februarie 1952, p. 5.

74 JN Lawrence, *The foreign paper money...*, p. 23.

Nadat deze Noot een maal betaald is, aan wie ook al dezelve betaald is, zal de Regeering niet verantwoordelyk gehouden worden voor eenige verdere vorderin.

Indien eenige uitschapping of verandering gemaakt worde of indien deze Noot gesneden, doorgehaald of verminkt is kan betaling geweigerd worden.

De Regulatien waaronder deze Noot is uitgereikt machtigen den Postmeester om betaling te weigeren of te staken, maar moet hy dadelyk rapport doen aan den Postmeester-Generaal zyne redenen daarvoor opgevend.

Nadat drie maanden verlopen zyn van den laatsten dag der maand van uitreiking zal deze Noot alleen betaalbaar zyn op betaling van een Commissie gelykstaande met het bedrag van het oorspronkelyke, met de byvoeging (indien meer dan drie maanden verlopen zyn sedert gezegde vervaltyd) van het bedrag van het oorspronkelyke Commissie loon voor elke verdere tydperk van drie maanden die alzoo verlopen zyn & voor elk gedeelte van zulke eene tydperk van drie maanden over & boven ieder vervalle tydperk. Het Commissie loon in alle gevallen te worden geheft achterop de Noot in.

Figuur 6: Vrystaatse Posnoot, 1898




Bron: Nasionale Museumversameling I 3048.

'n Ander besondere item is 'n tjek van wit sy, gedruk in bruin drukkersink wat op 9 Mei 1884 aan pres. JH Brand uitgereik is. Die bedrag van £2 500 is deur die staat aan die president betaal vir die goeie diens wat hy aan die Vrystaat gelewer het. Die tjek is deur mev. JH Brand aan die Museum geskenk.⁷⁵

⁷⁵ AC Hoffman, "Seldsame papiernote...", *Navorsing van die Nasionale Museum*, 1(1), Februarie 1952, p. 5.

Figuur 7: Unieke Vrystaatse tjek van wit sy, uitgereik aan pres. JH Brand in Mei 1884



Bron: Nasionale Museumversameling I 122.

Slotperspektiewe

Hoewel dit uit bogaande duidelik is dat die Vrystaat finansieël swaar gekry het in die jare 1854 tot 1880 (geen eie muntstelsel; drie Vrystaat-Basotho-oorloë in die jare 1858 tot 1868), het die republiek se inkomste tog geleidelik gestyg vanaf £15 136 in 1857 tot £87 978 in 1877. Teen 1890 was die inkomste van die Vrystaat 'n gesonde £272 323, terwyl al die regeringsnote herroep en alle staatskulde uitgewis is. Die Boererepubliek van die Oranje-Vrystaat se geldstorie was 'n suksesverhaal. Die bloeitydperk was egter van korte duur en het tot 'n einde gekom met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899.⁷⁶ Na die anneksasie van die Vrystaat in 1900 is Britse geld tot wettige betaalmiddel verklaar, terwyl Transvaalse munte (nie banknote nie) ook in die republiek gewettig is.⁷⁷

Geld is een van die mens se vele vindingryke uitvindings. Geen ontwikkelde samelewing kan sonder geld van een of ander aard bly voortbestaan nie. Hoe meer 'n samelewing ontwikkel, hoe meer gevorderd en verfynd raak sy

⁷⁶ EHD Arndt, *Banking and currency development...*, pp. 330-331.

⁷⁷ CL Engelbrecht, *Geld in Suid-Afrika...*, p. 94.

geldstelsels.⁷⁸ Op sy beurt weerspieël die ontwikkeling in die geldwese van 'n land, die munte wat in omloop was, die verandering in muntmetale wat gebruik is en die aanpassings ten opsigte van die gehalte en afmetings, die tegniese vaardighede en ook die kulturele waardes van 'n volk.⁷⁹

Geld uit die verlede word om verskeie redes versamel. Dit is eerstens 'n tasbare bewys van die geskiedenis. Verder bied dit 'n blik op die samelewing wat vir die ontwikkeling van die geld verantwoordelik was. Geld en die redes waarom dit uitgegee is, verskaf waardevolle inligting en insae ten opsigte van 'n land se ekonomie, sowel as sy sosiale geskiedenis.⁸⁰ Om hierdie rede is numismatiek 'n wetenskap wat afleidings en interpretasies oor die verlede moontlik maak. Weinig munte en papiergeld bestaan wat nie op die een of ander manier die verlede en die land waarin hulle vervaardig is, weerspieël nie. Ander bronne en rekords word dikwels deur hierdie items toegelig en geïllustreer. In hulle eie reg vertel numismatiese voorbeelde die verhale van konings, leiers, mag, patriotisme, oorloë, ensovoorts.⁸¹ Munte, papiergeld en ander items van numismatiese waarde is dus besonder waardevolle bronne vir die kutuurhistorikus. Hierdie items belig inderdaad verskillende fasette van menslike aktiwiteit en benadruk gevolglik ook die kaleidoskopiese aarde van kultuurgeskiedenis. Vanselfsprekend is dit dus ook belangrik dat numismatiese versamelings behoorlik bewaar, ontsluit en waar moontlik ook uitgestal sal word.

Museums en hulle hantering en bewaring van hul numismatiese versamelings word dikwels deur numismate bevraagteken en gekritiseer. Weens die feit dat numismatiek 'n hoogs gespesialiseerde veld is, beskik museums nie altyd oor die kundigheid om hierdie versamelings na wense te hanteer nie. Soms beland hierdie versamelings in 'n kluis waar dit vir jare onaangeraak kan lê en stof vergader. In meer as een opsig is dit ook waar van die Nasionale Museum in Bloemfontein se versameling. Redes hiervoor is legio, onder andere 'n gebrek aan personeel en die nodige fondse. Dit is te betreur dat 'n aantal items ondanks sekuriteitsmaatreëls uit die versameling vermis word. Slegs uit hierdie studie is etlike voorbeelde geïdentifiseer, waaronder unieke Vrystaatse tekenmunte en banknote. Die gebrek aan navorsing oor die versameling is 'n verdere kwelpunt en die enigste vroeëre publikasie uit die Nasionale Museum se geledere dateer uit 1952. Juis daarom sal hierdie nuwe artikel, verdere lig werp op genoemde museum se numismatiese versameling. Aangesien talle

78 Anon., *Die Volksblad*, 21 November 1987.

79 M Esterhuysen, *Ons gelderfenis...*, p. 1.

80 Anon., *South African paper money...*, p. 2.

81 GB Rawlings, *Ancient [medieval] [modern] coins...*, pp. 2-3.

lede van die publiek ou en nuwe geld as 'n stokperdjie versamel, kan die uitstal van items in 'n museum se numismatiese versameling, mense aanspoor om sodanige museums te besoek – wat tot positiewe publisiteit vir die museum kan lei.

'n Numismaat benodig vanselfsprekend verwysingbronne oor sy/haar veld, bronne wat nie alleen tegniese besonderhede van die munte of note self bevat nie, maar ook die nodige inligting wat jou in staat sal stel om 'n spesifieke item binne sy historiese konteks te plaas.⁸² Een van die pioniers van die Suid-Afrikaanse Numismatiese Vereniging, dr. FK Mitchell, het tereg by geleentheid die volgende gesê: “The criterion is not the size or value of a collection, but rather the evidence that its owner is a student, keen to study his subject, to improve his knowledge, and, if possible, by research, to contribute to the science and art of numismatics”.⁸³

82 *Die Volksblad*, 21 November 1987.

83 JT Becklake, *From real to Rand...*, pp. 80-81.